
# Die WAPAD

Deel VI | MAART 1951 | 3/- per jaar


# Prof. VAN ROOY ONS NUWE REKTOR

**NA die skielike oorlye van ons rektor, prof. Postma, is prof. J. C. van Rooy deur die Senaat en Raad van die P.U. vir C.H.O. as sy opvolger aangewys, en dit is deur die Minister van Onderwys bekragtig. Op Vrydag, 23 Februarie, om 7.30 n.m., het prof. van Rooy 'n skitterende rektorale rede voor 'n gepakte saal gelewer. Prof. van Rooy was vir 'n geruime tyd waarnemende rektor.**



Johannes Cornelis van Rooy is op 9 Julie 1890 op Steynsburg gebore. Sy vader was 'n onderwyser en die jonge Johannes het sy eerste skoolonderrig op die plaasskool van Roosterfontein gehad. By oprigting van die C.N.O.-skool op Steynsburg skryf hy as leerling in en lê sy matrikulasie-eksamen in 1908 met sukses af. In 1913 behaal hy die B.A.-graad aan die Literariese Afdeling van die Teologiese Skool en wy sy aandag daarna aan die teologiese studie.

Na voltooiing ontstaan daar egter 'n krisis: die nuwe hoër-onderwyswette bedreig die bestaan van P.U.K. Teësinnig besluit die Gereformeerde Kerk op inkorporasie by die Universiteit van S.A., maar om die identiteit van P.U.K. te bewaar, word prof. van Rooy tot die saak van Christelike Hoër Onderwys geroep.

### AKADEMIKUS

In 1920 behaal hy sy M.A.-graad. In 1921 word hy aangestel as hoogleraar in wysbegeerte aan P.U.K. Later doseer hy die godsdienswysgerige vakke en etiek aan die Teologiese Skool en bou die departement van sosiale studie uit tot 'n fakulteit. In 1935 gaan hy Nederland-toe vir verdere studie.

Prof. van Rooy was eers registrateur, later Sekretaris van Raad en Senaat en vir die afgelope paar jare onder-voorsitter van die Senaat en dus onder-rektor.

### GODSMAN

Prof. van Rooy se aangename persoonlikheid is aan ware godsvrug toe te skrywe. Die Sole Deo Gloria-gedagte was sy rigsnoer in die verlede, is dit in die hede en sal dit steeds in die toekoms wees. Die gewigtigste en roerendste oomblik van die rektorale rede was die einde waar hy in ootmoed sy eie nietigheid voor God bely en vuriglik die leiding en hulp van die Almagtige afgesmeek het tot suiwere uitlewing van die beginsels van die P.U. vir C.H.O.

### VOLKSMAN

Prof. van Rooy is 'n ware volksman. Sy optrede in krisis-oomblikke getuig van innige meelewing met sy volk. In 1910 het 'n ernstige skeuring tussen sekere volksgroepe gedreig. Hy het egter as bemiddelaar opgetree en moeilikhede opgelos.

Na die skeuring van genl. Hertzog was prof. van Rooy voorsitter van die versoeningskommissie wat grondleggende werk verrig het. Na die afsterwe van dr. N. J. van der Merwe in 1940 is hy as voorsitter van die F.A.K. gekies en beklee dié amp vandag nog. Hy was lid van die komitee vir die inwyding van die Voortrekkermonument in 1949, het sitting in die komitee vir die Van Riebeeck-fees en was lid van die regeringskommissie vir die vasstelling van ons nasionale vakansiedae.

### STUDENT

As student het prof. van Rooy 'n navolgenswaardige voorbeeld gestel. Hy het hom met hart en siel in die studentelewe gewerp, maar nooit het hy die studentelewe as losstaande van die volkslewe beskou nie. Gedurende sy studentejare het 'n hewige taalstryd losgebars. Hy stig daarop die A.S.B. en openbaar sy leierskap ook in verskeie kultuurverenigings. Hy was 'n ware student in murg en been en sy student-wees het sy persoonlikheid gekweek.

### VRIEND

Prof. van Rooy is gewild onder die Afrikanervolk, by die personeel en by die studente vanweë sy vriendelikheid, hulpvaardigheid, redenaarstalent en opregte belangstelling. Waar ons geliefde ontslape rektor deur Gods genade die universiteit tot hiertoe gelei het, sal ons geliefde ampsbekledende rektor deur Gods genade die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys deur krisisure heenlei — doelbewus, beginselvas, met besliste oortuiging en met volharding — tot 'n hoogtepunt.—C. J. MALAN.

**INGRAM SE BOTTELSTOOR**

INGEVOERDE

en

KOLONIALE WYNSOORTE

en

SPIRITUALIEë

ONDERSTEUN 'N OUD-P.U. KANER

**J. P. v. d. WALT**
(L.F.V.)
**APTEKER**

**Kerkstraat 111 (langs Ackermans)**
FOON 929
**POTCHEFSTROOM**

**Ek voorsien alles wat van 'n Apteek verlang word.**

Potchefstroom
**se Mees Moderne**
DAMES-KLEREWINKEL

Die jongste versameling van—
**Dames Rokke, -Baadjies, „Jeeps," Skirts, Bloese, Onderklere, Blomme Naaiwerkbenodighede, ens.**
BY
**LA VOGUE**
(J. M. Taylor)
**Posbus 221** **Foon 440**

**J. TOD SUTTIE**
**Kerkstraat 127**
MANS—VOLLE UITRUSTERS

Ons waardeer u besoeke aan ons.
Ons bestudeer u benodighede.
Ons spesialiseer alleen in deeglike goedere wat bevrediging waarborg!
Ons is spesialiteite alleen in die

**BESTE GEHALTE MANSDRAG.**

# Die Wapad

MAART 1951

**Hoofredakteur:** Daniël F. Erasmus; **Tegniese Adviseur:** F. Herselman.
**Hulp-Adviseur:** Jacs. van Rooy.
**Subredakteure:** K. van der Spuy, Tok van Vuuren, C. J. Malan, J. Booysens, Mejj. A. A. Pretorius en Bets Kruger.
**Administrasie:** F. Bothma (Voors.), D. F. Erasmus, F. du Plessis, J. Bekker en B. J. Kruger.

## Staan Op, Studente . . . . . en Bou

**DIE P.U.K. het selfstandig geword. Hieroor is baie geskrywe en baie gesê. Die plig van elke student is om te luister na die aansporings, vermanings en waarskuwings wat aan elkeen persoonlik toegevoeg word as 'n student van die Potchefstroomse Universiteit.**

**„Die Wapad" wil by dié geleentheid van sy eerste uitgawe vir 1951 niks toevoeg by wat alles gesê is nie, maar alleen die aandag van almal vestig op die toekomsverwagtinge wat groot leiers van ons volk van ons verwag.**

Sy edele die Eerste Minister, Dr. D. F. Malan, skrywe: „'n inrigting vir hoër onderwys wat nie slegs toekomstigè leiers kweek nie, maar wat leiers kweek wat die edelste in ons volkslewe, sy Christelike karakter moet versinnebeeld."

Minister J. H. Viljoen, Minister van Onderwys, Kuns en Wetenskap, skrywe: Nie alleen kom hierdeur 'n agste onafhanklike Universiteit binne dertig jaar tot stand nie, maar 'n universiteit met 'n uitgesproke en deur wetgewing erkende Christelike karakter en strewe, wat — daarvan is ek oortuig, soos die inrigting waaruit dit gegroei het, 'n ligpunt in Suidelike Afrika sal wees.

Dr. Jan Steyn, ons Volksraadslid: P.U. kan sy vlag met trots hoog aan die mas laat wapper. Dit is 'n eervolle vlag, 'n embleem van beginselvastheid en volharding, van selfbehoud sonder selfbehaging, van selfrespek sonder selfsugtigheid, van selfstandigheid sonder selfgeregtigheid . . . . aan elke individuele student die vermaning van die groot digter: Wat jy van die vadere geërf het, verwerf dit om dit werklik te kan besit.

Prof. Henry Schultze, President van die Calvin College, Grand Rapids, V.S.A.: „Christian educational institutions are called upon so to train students that they may be able to serve as ambassadors of Christ . . . Ours is a glorious task. It is a captivating responsibility."

Die toekoms luister gespanne na ons — Suid-Afrika en sy leiers let op ons — Calviniste in Amerika en Holland verwag aksie van ons.

Wat het ek daarmee te doen? Dis die P.U.-owerhede se verantwoordelikheid . . . As u so redeneer, luister na die treffende boodskap van Dr. H. F. Verwoerd: „Die gees van 'n universiteit word nie deur sy owerhede of dosente bepaal nie, en ook nie deur 'n klousule in 'n grondwet of die invloed van die Staat of die begeertes van donateurs nie. 'n Universiteit se gees word geskep, uitgeleef of gedood deur sy studente . . . in die studente se hande sal altyddeur die beslissing lê of, wat na soveel stryd bereik en in wetgewing vasgelê is, werklike en blywende betekenis sal hê in die praktiese lewe van u alma mater. Hy sal die Christendom en die Nasie alleen volgens sy huidige aard dien solank sy studente in daardie sin Christelik en Nasionaal is en wil wees . . . . Geleidelike afwatering van u ideaal of toenemende onverskilligheid of onnadenkendheid daarteenoor is die eintlike gevaar . . . alleen in onophoudelike, aktiewe, desnoods genadelose, stryd vir wat 'n mens goed of reg ag, setel die sekerheid dat sulke idees en doelstellings nie kan verby gaan nie."

U, studente, gaan die P.U. maak of breek — die verlede en die toekoms beveel u tot stryd vir die karakter van ons Inrigting.

Dit is die eis waaraan u moet beantwoord. — Maak dit u lewende ideaal vir 1951.

Dit is ons verantwoordelikheid teenoor God, teenoor die bouers van die verlede, teenoor die hede en die toekoms.

Staan op studente . . . . en bou.

# Oordenking

(V. E. d'Assonville)

U kroon die jaar van u goedheid . . .
—Ps. 65:12.

IN hierdie Psalm besing Dawid die Almag van God waarvan die verlede en die toekoms getuig. Daarom verhef Israel 'n danklied en besing die Here as die Eerste en die Laaste van alle gebeure: Dit is hy wat nie alleen die berge gegrondves het deur Sy krag nie, maar dit ook nog van dag tot dag omgord met Sy mag. Dit is ook Hy wat die land besoek het en oorvloed gegee het en Hy verryk dit grootliks. Daarom roep die digter ook uit:

„U kroon die jaar van U goedheid . . . .!" Dis 'n groot daad van God se neerbuigende liefde. Deur Sy weldade in die verlede, word die jaar „'n jaar van God se goedheid" genoem, 'n ryk geseënde jaar, deur God self met seëninge gekroon.

En hoe spreek hierdie woorde tot ons as studente van hierdie inrigting? Soos die Psalmdigter kan ons ook op hierdie tydstip sê:

„U kroon die jaar van U goedheid." Ons oë sien dit en ons harte weet dat die stroom van God se liefde ook op die akker van ons studentelewe neerkom. En wat beteken dit nie alles vir ons nie. Daar is ons persoonlike vorming, want dit is seëninge vir die groenhout, die jeug. Maar daar is ook die vorming van ons as 'n studerende gemeenskap. Dit is van die groot voorregte wat hierdie jaar by so 'n uitnemendheid aan ons gegee word om te gebruik. Mag ons dit tot die Eer van God gebruik en **mag Hy hierdie jaar met Sy goedheid tot aan die einde bekroon.**

„U kroon die jaar met ryke vrugte—
Wie kan U seën belet?
U wolkewa trek deur die lugte,
Sy spore drup van vet.
Die veld vang nou die reëndruppel,
Die weiding bly nie droog;
Die heuwels, in hul blydskap, huppel
In groen gewaad omhoog."

★

## GELUKWENSINGE

Dit is vir die S.R. en studente 'n genoeë om twee van ons veteraan sewendejaars geluk te wens met hulle verlowings gedurende die vakansie met twee oudstudente van ons inrigting.

Mnr. H. L. M. du Plessis (Matbos) met Mej. Sophie du Toit.

Mnr. C. M. J. van Vuuren (Fires) met Mej. Engela Combrinck.

'n P.U.K.-kys darem nie te sleg na alles nie, né!

## VAN S. R. WEË

# Die Nuwe Jaar

Die middeljaar van die 20ste eeu (1950) was vir ons inrigting 'n **triomfjaar.** Alles wat skynbaar onmoontlik was, is deur die Here aan ons gegee. Ons inrigting het sy finale beslag deur wetgewing gekry — **„Die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys."** Uitgelate en spontaan het ons ons Rektor verwelkom met die kroon van jare se harde stryd in sy hande. Ook op sportgebied het die spanne wat verlaas die P.U.K. vir C.H.O. verteenwoordig het, van sege tot sege voortgeskrei — **vreugde en oorwinning!**

En toe plotseling, onverwags, is ons tot besinning geroep . . . 'n Hand magtig het gespreek, 'n almagsvinger het hemelwaarts gedui: nie die mens, maar Hy het al die dinge gegee. Spraakloos het ons gèstaan om die oop graf van ons Rektor. Sy lewenskrag was gewy en getap vir hierdie oorwinning, maar in finale sin was dit nie sy oorwinning nie.— Die slag was gelewer — vir geslagte wat sou kom! 'n Kleinnood is uit die Hand van God ontvang . . . .

Dit was besinning met smart gemeng, maar ook 'n diepe dankbaarheid vir wat was . . . .

So lig die oggendrooi van 1951 dan oor ons aan. 'n Nuwe dag sal weldra oor ons Alma-Mater breek. Ons mag dit belewe, maar ook ander sal weer na ons kom . . . . So is die dag met sy seëninge maar ook sy felle strale, nog versluier in die skoot van die toekoms — maar die oggend is heerlik sag en koel na die smartlike brandpyn aan die uitgang van verlede jaar.

Ons voel stil tevrede. Taferele van die verlede rol voor die geestesoog. Drome word vir die toekoms gedroom. Daar is vreugde, maar ook spanning . . . .

Daar is **vreugde en oorwinning** . . . maar daar is ook 'n besef van **nietigheid en onmag!** Dan bid ons:

**„Here, hoe groot is U Naam oor die ganse aarde!** Wil U gee dat ons die verantwoordelikheid volvoer ooreenkomstig U heilige wil! Laat ons nietigheid sterk word in U krag! **Aan U die lof, die eer en die aanbidding tot in ewigheid!"**

'n Nuwe Rektor staan reeds weer



Prof. Dr. F. Postma

in die slaglinie. Mag ons mekaar se hande onder sy leiding vasgryp aan die begin van 'n nuwe jaar, 'n nuwe fase in die bestaan van hierdie inrigting. Mag ons innig saamgebind word deur eenheid van **doel,** eenheid van **strewe** en 'n diepe **roepingsbewustheid.** Ons volk het behoefte — dit is die taak van die P.U. vir C.H.O. — aan manne en vroue wat as pilare, gebeitel in die waarheid van ons leuse, sal moet staan in die storms en gemaal van 'n koerslose wêreld.

'n Hartlike welkom aan u almal! Die S.R. wens u sterkte en sukses toe by die aanvang van hierdie hoogsgewigvolle jaar.

B. SPOELSTRA.

## SIMPATIEBETUIGING

Die S.R. en studente wil langs hierdie weg hulle innige simpatie betuig teenoor hulle wat gedurende die vakansie deur die dood bedroef is:

Mnr. Harm Kruger met sy vader.

Mnr. Cronjé Venter met sy moeder.

Mnr. Piet Viljoen met sy vader.

Mnr. van Eetveldt met sy grootvader.

Mag u deur die Heilige Gees vertroos en gesterk word in u smartlike beproewinge.

(Vervolg op bladsy 5)

# Kuns en Calvinisme

**DIE afgelope paar eeue is eeue van slagspreuke, sodat daar ook in die kunsbeoefening en kunswaardering gèdurende die afgelope tydperk een na die ander slagspreuk vasgegryp is, wat die kunstenaarsgemoed opnuut met ywer en skeppingsvermoë besiel het. Dog helaas moes meeste van die slagspreuke na verloop van een of meer menslike geslagte weer plek maak vir nuweres, omdat die mens probeer het om in sy verwaandheid sy eie norme te stel wat geblyk het besonder betreklik en relatief te wees.**

Vandag nog hoor ons dat mense „kuns terwille van die kuns" beoefen, terwyl „kuns terwille van die mens" seker 'n taamlik tipiese slagspreuk vir die kuns van ons eeu oor die algemeen is — en wat kan dit eintlik anders genoem word? Wie sal dit kan ontken dat die grootste gros kunstenaars daarna strewe om of die mens deur sy kuns intellektueel te bevredig of sy estetiese gevoel te streel, of selfs sy laere hartstogte en drifte te prikkel?

Miskien mag iemand vra of die kuns dan nie die mens se estetiese gevoel moet bevredig nie. Hierop is die Calvinis se antwoord ja, maar— dit hang grootliks daarvan af of die kuns 'n middel tot die estetiese bevrediging van die mens is en of dit wel die doel is wat die kuns beoog. Sodra dit die doel word van die kuns dan mis die kunstenaar geheel-en-al sy van God gegewe taak en roeping.

Wat behoort ons beskouing as Calvinistiese jeug op 'n Christelike Universiteit te wees? Die antwoord is voor die hand liggend, nl. dat ons beskouing, beoefening en waardering van kuns 'n unieke stempel moet dra te midde van die chaos wat daar rondom ons heers, nl. „Tot eer van God," en niks anders nie. Op elke kunsgebied moet ons hierdie slagspreuk vasgryp of dit nou ookal letterkunde, beeldhoukuns, musiek of skilderkuns is. Alleen dan, wanneer die kuns die middel is vir estetiese genieting en die doel die verheerliking van die Skepper is, vind dit sy regmatige plek. Dikwels word die beswaar gelug dat dit nie altyd moontlik is om hierdie slagspreuk in ons kunsbeoefening en waardering toe te pas nie, dog hierteen kan ons beslis antwoord dat dit wel die geval kan wees. As 'n kunstenaar van J. S. Bach se formaat dit kon doen, is dit tog seker nie onmoontlik vir hulle wat nie waardig genoeg is om in sy skaduwee te sit nie. Dit is besonder opmerklik dat die kuns wat so 'n reus gelewer het dan ook instyg bo die betreklikheid van die menslike smaak, terwyl dié tot alle geslagte en volkere deur die eeue spreek.

Dit val buite die bestek van 'n kort artikel om diep op hierdie saak in te gaan, dog dit verhoed ons nie om in hooflyne die breë trekke te probeer skets nie.

Ons moet goed onderskei tussen die verskillende rigtings wat die kuns gedurende die afgelope tye ingeslaan het. Die besondere rigtings soos die plastiese en die romantiese bepaal natuurlik die vorm sowel as die inhoud van die werke, dog die „gesindheid" waarin die werke gelewer is, is die deurslaggewende faktor. Vir ons as Calviniste hang dit dus grootliks af van die „gesindheid" waarmee die besondere kunstenaar gèskep het.

Dit kom dus daarop neer dat twee verskillende kunstenaars dieselfde tegniese vaardigheid mag besit en in dieselfde kunsrigting mag werk, dog desnieteenstaande kan die een dit doen tot eer van God, terwyl die ander een 'n „l' art pour l' art"-kunstenaar mag wees.

Daar is dus vir ons as Calviniste net een slagspreuk waaronder ons die skoonste en mooiste wat God in die skepping gelê het, kan en mag geniet en beoefen, nl. „Joli Deo Gloria."—J. H. B.

★

"I say, Harry," said a minor to his mate, "what's a cosmopolitan?"

"Suppose there was a Russian Jew living in England with an Italian wife, smoking Egyptian cigarettes near a French window in a room with a Turkish carpet on the floor. If this man drank American ice cream sodas while listening to a German band playing 'Come back to Erin' after a supper of Dutch cheese made up as Welsh rare-bit, then you might be safe in saying he was a cosmopolitan."

W. J. SPAVINS EN SEUN

vir alle

Elektriese Benodighede
Draadlose, Koelkaste.

KERKSTRAAT 65
POTCHEFSTROOM

GILFILLAN EN STROH

POTCHEFSTROOM

FIETSE EN FIETSREPARASIES

Toets Jou Oë

BY

M. SINGER
F.S.M.C., F.B.D.A. (London)

OOGARTS

By die

Mooirivier Apteek
Kerkstraat 155
Foon 380 Potchefstroom.

DRINK EN GENIET
S & S
Super Dilla
en
Super Orange
SHER & SHAKINOVSKY
AUTO LAAN
Foon 16

# SPOORSLAG

Pukke, „Spoorslag" het verskyn — die amptelike Nuusblad van die Afrikaanse Studentebond; dié orgaan waardeur die A.S.B. sy beginsels aan die wêreld kan verkondig en die studentegeledere van die Afrikaanse universiteite tot 'n hegte eenheid kan saamsnoer. Ons as A.S.B.-lede voel trots op hierdie prestasie; mag dit 'n ware spoorslag vir almal wees!

Die President van die A.S.B. laat hom as volg uit oor die blad:

„Ons weet dat hierdie blad rigting gaan gee aan die A.S.B. Dit gaan dien as ons fakkel waarmee ons liefde en belangstelling laat ontbrand by ons lede; 'n fakkel wat kennis gaan versprei by alle studente van Suid-Afrika insake die A.S.B. en sy strewe . . . Ten slotte is dit ook 'n fakkel wat nie sal skroom om op ongenadige wyse die vyand te skroei waar dit nodig is nie." (Spoorslag).

Dit is die plig van elke A.S.B.-lid om op hierdie blad in te teken. Die intekengeld is 1/- per jaar vir ongeveer vyf tot ses uitgawes. Sal diegene wat nog nie „Spoorslag" ontvang het nie, asseblief onmiddellik hulle name by die volgende persone indien: Dames: Mej. L. v. Rooy, de Klerkhuis.

Mans: Mnr. V. E. D'Assonville, Postmahuis.

Mnr. C. J. Malan, Molenstraat 1A.

Ter insae: Die volgende uitgawe van 31 Maart sal interessante artikels oor die onafhanklikheidswording bevat.

VOORSITTER A.S.B.

Horch! Horch! die Lerch at heaven's high gateway sings,
The air is cool, the sun is large and red.
We turn a switch and watch the soaring wings.
On television, lying snug in bed.

*

Who is it rides so spät durch Nacht und Wind?
The sound effects suggest a rogue in flight.
The radio sheriff's men are close behind;
They'll catch him before the announcer says: "Good Night."

(Vervolg van bladsy 3)

## SELFSTANDIGWORDING:

(a) die S.R. wil aan al die persone wat belas is met reëlings i.v.m. die selfstandigwording-feeste, sukses toewens. Ons weet dat u onder besonder moeilike omstandighede u pligte volvoer — veral waar daar so 'n geringe hoeveelheid tyd tot u beskikking is. Ons weet egter dat die A. B. K. K. sal regstaan met die opelugkonsert Donderdagaand en die Vreugdedagbesture sal ons oudergewoonte Vrydagoggend die hande laat saamslaan met: „Hoe het hulle dit reggekry?"

★

## RAADSMEDALJES:

Die S.R. en studente wil nogeens hulle hartlikste gelukwensing uitspreek aan Mnr. W. J. de Klerk en Mev. Magda Duvenage (Kok) met die verowering van die Raadsmedaljes vir 1950.

★

## ALGEMEEN:

**Finansies:** Hoewel die begrotings nog nie finaal behandel is nie, blyk dit tog dat die voorgestelde begrotings reeds die beskikbare bedrag met honderde ponde oorskrei. Die S.R. vertrou dat klubs en verenigings ook hierdie jaar alle krag sal gebruik om te **besuinig** en **streng** volgens die **finansiële reglemente** te handel. Alleen so kan ons al die are van ons studentelewe, al is dit met 'n beperkte hoeveelheid, met die hoogsnodige finansiële bloed voed. U nuwe S.R. is dankbaar dat hy 'n skoon huis kon betrek, maar verskeie rekenings en verpligtinge het reeds verlede jaar die geringe batige saldo verteer.

B. SPOELSTRA.

★

ANNATJIE VAN VUUREN: Ons verneem sy het skielik 'n voorliefde vir jukskei ontwikkel en gaan selfs gooi ook.

*

But Silva, was ist Silva, saget an?
There none may help. Each man must take his chanche,
Find her in grünen, pick what words he can,
And strive to match your singing, immortal Franz.—H. H.

NATUURLIK-GOLWENDE HARE
gee u natuurlike skoonheid!

MEJ. R. GAESER
Dames Skoonheidsalon
Kerkstraat 157 Foon 366

EDWORKS
Kerkstraat — Potchefstroom
SKOENMAKERS vir die mense van Suid-Afrika!
Teen besparende pryse wat die hoogste waarde verteenwoordig!
Tevredenheid gewaarborg of geld terug.

Elke Dag VARS!
TURKSTRA SE BAKKERY
Brood en alle Koeksoorte
Raadpleeg ons vir—
★ Bruidskoeke

TX Modiste
Ons Uitstaande Winterreeks kom nou aan!
Kostuums, Jasse en Gebreide Stukke
Gardigans, Oortrekkers, Balero's Jerkins en Angora-drag.
„Lottie" en Paryse Hoede

## DAMES

AANGESIEN die jaar nog maar baie jonk is, het daar nog nie veel op sportgebied gebeur nie. Te oordeel na die naam-lyste op die kennisgewingbord blyk dit dat die dames besonder entoesiasties is vir al die verskillende sportsoorte. Die kapteines van die verskillende spanne is dan ook baie optimisties soos blyk uit die volgende boodskappe:

Wat die **Korfbal** betref, sê Monica: „Hierdie jaar is uniek in die geskiedenis van die P.U.K., mag dit net so 'n unieke jaar vir die korfbal wees. Entoesiasme en geesdrif ontbreek nie. Ons het 'n hoë peil om te ewenaar en as ons kan, te oortref. Laat ons al ons kragte bymekaar gooi om hierdie jaar weer te wys dat ons nooit die knie hoef te buig nie."

**Hokkie:**

Van Fransie kom die volgende: „Die hokkieseisoen is alreeds met groot entoesiasme begin, te oordeel na die belangstelling wat die wedstryd teen die eerstejaars geniet het, asook die aantal lede wat by die klub aangesluit het. Die vooruitsigte is rooskleurig; ons beskik oor heelwat talent en al die spanne is van plan om ons universiteit se naam vanjaar hoog te hou."

Thresia as **tenniskapteine** sê: „Aangesien hierdie jaar so belangrik is vir die P.U.K., hoop ek dat ons ook in die tennis buitengewoon sal presteer. Ons gaan baie speel en ons sal bewys dat P.U. nooit kan agterstaan by enige ander universiteit nie."


Die boodskap van die **Jukskeiklub** kom ook van Thresia:

„As ons nog nooit die penne laat klap het nie, gaan ons dit hierdie jaar doen. Jukskei is 'n lekker spel en P.U.K. het nog altyd op hierdie gebied buitengewoon presteer. Laat ons hierdie prestasies ook voort dra in die jukskeilewe van die P.U. vir C.H.O.

**Wedstryde teen die eerstejaars:**

Die korfbalseisoen het 'n aanvang geneem met 'n heel interessante wedstryd teen die eerstejaars. Laasgenoemde het egter 'n verpletterende neerlaag gely ten spyte van die ekstra veerkrag verleen deur die geleende kous-apparaat van die ouhere.

'n Hokkiewedstryd het ook plaasgevind, maar soos verwag kan word, met dieselfde tragiese gevolg vir die eerstejaars.




Ons het met genoeë kennis geneem van moontlike talent en verwag nog veel van hulle.

Weens die ongunstige weerstoestande moes die atletiek nog elke keer uitgestel word, waaroor ons jammer voel.

Aan al die spanne wil ons sê „sterkte!" en die P.U. sien uit na skitterende prestasies.

★

## MANS

BUITEN vir 'n krieket- en voetbalwedstryd teen die eerstejaars, het daar nog geen ander wedstryde plaasgevind as 'n vriendskaplike krieketwedstryd teen Normaal nie.

**Voetbal:** Daar is twee wedstryde gespeel tussen ouhere en eerstejaars. Aangesien die ouhere nog heeltemal sonder wind was, het hulle soms maar swaar geleef. Die eerstejaars, wat taamlik fiks was van die liggaamsoefeninge, het goed gehou wat wind betref, maar in die spel self het die ouhere sonder veel moeite die oorhand behaal. Nieteenstaande dié feit, is daar beslis talent onder die eerstejaars en behoort veral die O.19 vanjaar baie daarby te baat.

Wat die voetbal oor die algemeen betref, behoort Theos weer vanjaar 'n besondere sterk span te wees wat maklik die prestasies van verlede jaar weer vanjaar sal kan ewenaar en selfs oortref. Dit is bemoedigend dat van verlede jaar se staatmakers soos Fires, Visser, P. N. Botha, Styger, Hoppie en Prinsloo, weer vanjaar hier is. Die spelers oefen al hard en ons sien met groot vertroue uit na 1951 en die intervarsities.

**Krieket:** Ook in hierdie wedstryd van ouhere teen drake is daar baie meer talent onder die eerstejaars opgemerk as in die verlede. Veral Hauptfleisch en Strydom het hier mooi vertoon met die kolf, terwyl Strydom nog in 'n gevaarlike bouler kan ontwikkel. Dié wedstryd het ook in die ouhere se guns verloop.

In 'n vriendskaplike wedstryd teen Normaal, het die Pukke weens 'n swak vertoning verloor met 5 lopies. Die Pukke se boulwerk was egter puik, want die hele Normaalspan was uit vir 43. Muller het veral aandag getrek met die 5 paaltjies wat hy ingeoes het. Die Pukke het nogal goed begin met die kolf, maar met die telling op 24 vir 3 het 'n ineenstorting ingetree en die Pukke is almal uit vir 38.

Ons wil van hierdie geleentheid ook gebruik maak om Styger geluk te wens met sy verkiesing as krieketkaptein. Ons hoop die span sal baie suksesvol wees onder sy leiding.

★

## DIE VLUGTELING

Met moeë slentergang stryk 'n eensame figuur oor die stowwerige Karroopad voort. Sy hele figuur spreek van die uiterste vermoeienis, maar telkens kyk die wandelaar vreesbevange oor sy skouer en versnel dan weer sy pas, asof hy vir 'n onsigbare onheil vlug.

„En toe Kiewiet, hoe loop jy dan hier rond in plaas van by die oubaas op die plaas te wees?" Dis 'n jongman te perd op sy terugweg van die dorpie.

Op die verrimpelde ou gelaat van die jong verskyn daar opnuut 'n uitdrukking van ontstellende vrees en walging. Sy klein en verspotte gestalte krimp ineen voor die forse man op sy perd, en na 'n paar patetiese pogings om 'n geluid uit sy keel te kry, kom dit hees: „Auk nee, my kleinbaas, daar by die oubaas die skaap hy't siek geword, hy vrek, ons kry hom ons jeet hom; die bees hy't siek geword, hy vrek, ons kry hom ons jeet hom; die hoender hy't siek geword, hy vrek, ons kry hom ons jeet hom; en nou die oubaas, auk, my kleinbaas, hy's banja, banja siek!"

## KORRESPONDENSIE

P.U. vir C.H.O., Potchefstroom.

Geagte Redakteur,—

Eerstejaars bly maar altyd eerstejaars in dié opsig dat hulle vir die eerste maal op universiteit kom.

In sekere opsigte verskil sommige jare se eerstelinge tog van die oes van ander jare. En hier is juis die saak wat ek onder u aandag wil bring. Die saak aangaande die eerstejaars van vanjaar, en meer bepaaldelik, die saak aangaande die eerstejaar mans.

Vorige jare se eerstejaars was miskien ondeund, onnutsig of sommer prontweg genoem, stout, in die goeie sin van die woord. Hulle het soms lagwekkende onnutsighede aangevang, maar nooit nog was eerstejaars op die P.U.K. deur die bank „taai" of het hulle doelbewus ignorerend opgetree teenoor ouer studente nie.

As mens deesdae by 'n eerstejaar verbystap (hier) op die P.U.K.-terrein of daar buite, en jy ken hom nie of weet nie dat hy 'n eerstejaar is nie, sal jy noodsaaklikerwys aanneem die kêrel is ten minste sesde jaar. Al wat jou die sekerheid omtrent sy eerstejaarskap gee, is die duidelike feit dat hy geen poging aanwend om te groet nie, want as hy sesde jaar was, sou hy weet om 'n mede-student te groet. Groet, dan nie omdat hy as eerstejaar die mindere is nie, maar dan tenminste omdat hy iets van wellewendheid of etiket in hom het. Ons almal groet mekaar, nie omdat die een die mindere van die ander is nie, maar omdat die een homself die mindere ag as die ander.

Vantevore was daar ook die uitsonderinge wat in die reël niemand gegroet het nie. Nou is die geval egter dat dié wat wel groet, die uitsonderinge is!

Dit vanself is nie meer in die gees van die P.U.K. waar ons almal, die een teenoor die ander, vriendelik is nie. Dit is egter nog lang nie die ergste nie.

As 'n man 'n ander man nie respekteer nie, is dit erg. Erger is dit wanneer 'n eerstejaar van die P.U.K. 'n ouheer die nodige respek nie betoon nie. Die hoogste graad van ergheid is egter die gedrag van ons eerstejaars teenoor dames, meer spesifiek die ou dames.

Ek het reeds gesê dat as 'n man 'n man nie respekteer nie, is dit erg. Maar onhoflikheid teenoor dames is verregaande en kan nie verskoon word nie. En as ek praat van onhoflikheid, dan oordryf ek geensins.


'n Man wat in damesgeselskap met sy hande in sy broeksakke staan en vroetel is alreeds nie meer 'n man nie. Wat staan nog as daardie man 'n eerstejaar is!

'n Man se gedrag in teenwoordigheid van dames is maar net 'n advertensie van sy opvoeding. Niks meer nie, maar helaas! ook niks minder nie!

Stem u saam oudames en ouhere, dat so-iets nie geduld kan word nie, vernaam nie op die P.U.K. wat bekendstaan vir sy goeie gees nie?

Ek dank u vir plasing,

OUHEER.

Waar u ook mag wees

Kommando

—die gewildste

Suid-Afrikaanse sigaret




G1-3056 AF

# DIE VOETBAL SEISON IS HIER . . .



Platsak, maar jy wil graag vir dié of daardie nooientjie fliek toe sleep? Sê vir haar sy moet jou binne-in die fliek ontmoet.

*

Professor: „Iemand wat homself nie verstaanbaar kan uitdruk nie, is 'n esel! Het jy my verstaan!!

Student: „Nee."


**I. GLASER**

King Edwardstraat 83

DIE BESTE VIR—

Omegalhorlosies en Verloofringe

Diens en Waarde is ons Leuse!

Foon 218 Bus 248

POTCHEFSTROOM



**PARKER & Co. (Pty.) Ltd.**

General Hardware Merchants

Phone 30 — Box 245

POTCHEFSTROOM

Irrigation Machinery and Plants Supplied and Erected.

WORKMANSHIP GUARANTEED!

Farm Implements and Spares, Tools for all Tradesmen, Arms and Ammunition, Fishing Tackle, Kitchen Utensils, etc., etc.


## VAN MENSE EN DINGE

Na verneem word, vertrek 'n klompie here in April per kanoe langs die Mooirivier na die landgoed Muiskraal, terwyl 'n paar van hul kollegas die Fochies-express sal bestyg na die drif vol klippe.

*

Laura is vreeslik teleurgesteld, sy het nie Volkskool vir proef gekry nie.

Juliana neurie glo „my will is free my heart's my own."

*

## STUDENTEROMANSE

INA DU PLESSIS: Ek verkies die „Café" van Puk bo die ander van die dorp.

SPEEDY CASTELYN: Blykbaar IS die sloot saans nou te nat vir laatverlof! (?)

**'n Liefdesverklaring.**

W. v. d. B. aan „haar":

O, schoone Maagd,
(O, kommapunt)
waarom nie je liefde niet vergunt?
Je wijg'ren doet met 't harte breken,
ik schiet nu dood!
(O, uitroepteken!)

A. BRITS.

*

Dit gaan sommer nou weer „voor die wind" met ANNATJIE PRETORIUS.

LAWETTE WEBB: Sorg net dat die besoeke van Pretoria tot naweke beperk bly.

*

Swakhede is soos ashope: jy staan op jou eie en praat oor jou bure s'n.


PUKKE IS ALTYD HARTLIK WELKOM BY

UNIEWINKELS

AS HULLE IN JOHANNESBURG IS.

ONS VOORSIEN REEDS:—

- P.U.K.-KLEURBAADJIES
- P.U.K.-DASSE
- P.U.K.-VOETBALTRUIE EN KOUSE

**UNIEWINKELS Bpk.**

Kerkstraat 45 JOHANNESBURG Foon 22-4746

# „RED NOU 'N VOLK MET SOKKA MENSE?! "



# SLÊNG . . .

Ek wêk nou al drie jaar by baas Piet en ek kan hom nog nie verstaan nie. Die anne dag staan baas Piet en chêt met 'n pal van hom wat oppie Varsity study.

„Hallo Piet ou perd, gaan n't."

Antwoord: „Moore; gaan n't."

„Ek hoor darie witkopdoor het jou so sleg in die oog geloer. Ek dag julle sou case of moes . . . ."

„Nee wag, wag ou Pieta, so erg is dit darem nie, maar verskoon my, want ek moet nog homies vir die Proffie gaan doen en dan moet ek nog die draad slaan na Kulu toe om darie anne ene vir die fliek te skiet."

„Nouja, sie jou weer."

„Ga jou blikkies."

Hierdie lêngwiets ka ek nie verstaan nie, maar hoekom chêt die mense nie soes ons da innie Boeland nie. Ma' wag, lat ek julle 'n storie kwout.

Die anne dag loop ek en 'n Pitto innie Mainstreet af, soe al oppie saidwôk. Suddenlie kom ons oppe faait af. Die een ou chêppie was lekker kaait. Die mense het gesê hy's gedruiwe, gebaard, gekoring, lekka met 'n kop ens. Ons staan toe ôk so likely nader. Suddenlie dress die een ou chêppie die anner met 'n linker-uppercut skwêr oppie radiator la' jy net kruit ruik en da lê hy laaitsout.

Ons sta nog so en discuss hoe sleg die oudjie gedonna is, toe kom 'n diender ommie corner en't was nie honderd jaar nie toe ry die twee chêppies innie blêkmeraai. Djy wiet mos, die pick-me-up.

Ka julle nou sien dat my lêngwiets bieter ge-anderstênd ka worre assie lênwiets vannie Varsity.

H. J. COETZEE.

★

### DIGTER-SLAAI

Die daeraad kruip die dieptes uit  
Na opdraendes lank en swaar.  
Wees sterk!

Ons tweetjies met mekaar wie vry  
Daar's werk!

O die oggendstond op 'n boereplaas.

Dis liggies hier en liggies daar.

O sing vir my 'n burgerlied,

Suikerbossie, ek wil jou hê!  
Waar die spruitjie met lief geluidjie  
Murmul elke 16 jaar.  
Al is dit somer of winter  
Speel ek op my ramkietjie deurmekaar.

# MOLENSTRAAT IA.

Langs die Teologiese Skool, 'n versameling van eienaardige wesens, 'n groep persone wat aan kluisenaars laat dink; nie afgesonder van die omgewing nie — hulle is nog almal studente of op een of ander wyse aan die P.U. verbonde — maar wesens wat in hulle diepste binneste van die res van die mense op die Universiteit en die omgewing afgesonder is. In hulle diepste innerlike is daar 'n brandende vuur, 'n verterende kool, 'n onuitblusbare vlam wat vreet en knaag; dis die vlam van die liefde; nie liefde vir die naaste nie, maar liefde vir die verste —byna almal daar op die Rand.

Dis met ene woord 'n naarheid. Die eerste dag het alles nog goed gegaan, maar 'n paar dae daarna het die ongemaklike stilte wat by elk van hulle opgemerk is, hulle hele innerlike verraai.

Die P.U. het gekla dat die telwerk nie wil vorder nie, agterlosige foute kon maar nie verklaar word nie, selfs is gedeeltes ingetik wat nie daar hoort nie — gedagtes wat blykbaar diep in die hart verberg moes gewees het, maar op onverwagte oomblikke hulle deurbraak gemaak het.

Die S.R. het ook gekla . . . die A.S.B. se belange kon maar nie reg voorgedra word nie, die bespreking van daardie kant het maar al in een rigting gebeur — die belange van volksgenote of . . . 'n volksgenoot.

Die B.S.C.-studente het ook onder andere een van hulle klasmaats gemis. Hy moes werk en het eers 'n paar dae laat hier aangekom! Die belange (die werk) aan die Rand vereis nog steeds menige naweek sy aandag aldaar; 'n mens moet nie jou werk verwaarloos nie!

Geagte leser, dit gaan nie goed daar in Molenstraat IA nie. Die stryd is swaar en belange van volksgenote! druk so swaar dat daar menigmaal 'n traan uit die oog opwel, 'n traan wat ontspring diep in die hart van iemand wat met weemoed vervul is. Ja, 'n traan wat selfs nie eens deur iemand wat hierdie soort moeilikhede begryp — 'n man soos Jan Coetzee — ja, dat nie eens hy die nodige trooswoord en ondersteuning kan gee nie.

Maar gradenaweek sal alles weer reg wees . . . . Tog snaaks dat hierdie akademiese plegtigheid op Potchefstroom sake aan die Rand kan regmaak.—WAARNEMER.

Beyers Claassens

M.N.Y.Inst.P. (V.S.A.)

Fotograaf

KERKSTRAAT 41 POTCHEFSTROOM

„DIENS AAN DIE GOUE WESTE DEUR FOTOGRAFIE"

STUDENTE VRIENDE!

Sopas het ons weer 'n mooi versameling tweedehandse teologiese werke ontvang. Ons noem u slegs enkele:—

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| DR. A. KUYPER: Encyclopaedie der Heilige Godgeleerdheid. 3 Dele kompleet | Posvry | £3 | 15 | 0 |
| DR. A. KUYPER: Dictaten-dogmiek, 5 dele kompleet | Posvry | £9 | 0 | 0 |
| Dieselfde werk in halfleerband | | £10 | 0 | 0 |
| DR. A. KUYPER: Pro Rege. 3 Dele kompleet | Posvry | £2 | 10 | 0 |
| DR. A. KUYPER: E. Voto Dordraceno. 4 Dele kompleet | Posvry | £4 | 2 | 6 |
| DR. A. KUYPER: De Engelen Gods | Posvry | | 15 | 0 |
| DR. A. KUYPER: Het Beeld Gods | Posvry | | 13 | 6 |
| DR. T. HOEKSTRA: Gereformeerde Homiletiek | Posvry | £2 | 10 | 0 |
| DR. K. DYK: Het Profetische Woord | Posvry | | 18 | 6 |
| Dr. K. DYK: Het Ryk der duizend jaren | | | 17 | 6 |
| DR. K. DYK: Om 't eeuwig Welbehagen | | | 17 | 6 |
| DR. K. DYKE: De Voorzienigheid Gods | | | 17 | 6 |
| BYBELSCHE: Handboek. 2 Dele kompleet | Posvry | £3 | 0 | 0 |
| DR. H. BAVINCK: Gereformeerde Dogmatiek. 4 Dele kompleet | Posvry | £4 | 2 | 6 |
| Dieselfde werk in halfleer band | Posvry | £4 | 2 | 6 |
| K. SCHILDER: De Openbaring van Johannes en het sociale leven | Posvry | | 11 | 6 |
| K. SCHILDER: Christus en Cultuur | Posvry | | 10 | 6 |
| K. SCHILDER: Licht in den rook | Posvry | | 13 | 6 |

Ook van NUWE werke het ons 'n groot versameling.

Ook spesialiseer ons in Wysbegeerte en aanverwante vakke, sowel nuut as tweedehands. Ons kan uit voorraad lewer o.a. 'n paar eksemplare van

DR. H. DOOYEWEERD: De wysbegeerte der wetsidee. 3 Dele, kom. Posvry £5 10 0

SKRYF OMGAAND of indien moontlik BESOEK ONS.

J. H. DE BUSSY

MARITIMEGEBOU PRETORIA PRETORIUSSTRAAT

Gedruk deur die N.H.W.-Pers, K'dorp, en uitgegee deur die P.U.K.-studente Verteenwoordigende Raad